higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N590**(A)**(N29)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N5

(4090495)

29 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 2 antwoordblaaie.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Beantwoord VRAAG 1 op die ANTWOORDBLAAIE (aangeheg) en AL die ander vrae in jou ANTWOORDBOEK.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Trek 'n streep regoor die bladsy ná elke voltooide vraag.
6. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Waar nodig, gebruik fisiese eenhede.
8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: JOERNALE

Die nuwe klerk by NNN Farming Enterprises het die volgende joernale vir die jaar geëindig 30 Junie 2017 verkeerd ingevul:

KONTANTBETALINGSJOERNAAL – JUNIE 2017

Dok. nr.	Dag	Besonderhede en nemer (*payee*)	Fol.	Bank	Krediteur	Lone	Diverse rekeninge
067	2	Ontvang 'n tjek van 'n debiteur		R20 000			R20 000
068	3	Onkruiddoders op rekening by AGRISALE gekoop		R8 000	R8 000		
069	6	Versekeringspremie betaal		R5 000		R5 000	
070	8	Kontantverkope		R11 000		R11 000	
072	13	Kontant deur eienaar geneem		R4 000		R4 000	
073	16	Groente op rekening aan mnr Venter verkoop			R6 000		R6 000
				R48 000	**R14 000**	**R20 000**	**R26 000**

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL – JUNIE 2017

Dok. nr.	Dag	Besonder-hede	Fol.	Ontleding van ontvangste	Bank	Verkope	Debiteure	Diverse reke-ninge
256	3	Betaal vir die aflewering van produkte		R7 000	R7 000			R7 000
257	4	Betaal skoolgeld vir kinders		R4 200	R4 200		R4 200	
258	9	Betaal krediteur, AGRISALE		R8 000	R8 000	R8 000		
260	12	Versekerings-uitbetaling vir verlore groente		R10 000	R10 000		R10 000	
261	30	Betaal salarisse en lone		R20 000	R20 000	R20 000		
				R49 200	**R49 200**	**R28 000**	**R14 200**	**R7 000**

KREDITEUREJOERNAAL – JUNIE 2017

Dok no	Dag	Krediteure	Fol.	Totale krediteure	Produksie-lewerings	Diverse bedrae
611	20	Betaal vir versiening van toerusting		R3 000	R3 000	
612	21	Verkoop produkte op rekening aan mnr Venter		R7 000	R7 000	
				R10 000	**R10 000**	

Kopiereg voorbehou

DEBITEUREJOERNAAL – JUNIE 2017

Dok. nr.	Dag	Debiteure	Fol.	Totale Debiteure	Verkope	Diverse bedrae
613	24			R1 000	R1 000	
				R1 000	**R1 000**	

Boekstaaf bogenoemde inskrywings korrek in die volgende joernale op die ANTWOORDBLAAIE (aangeheg).

Skryf jou EKSAMENNOMMER op elke ANTWOORDBLAD in die ruimtes wat daarvoor voorsien is, verwyder die antwoordblad uit die vraestel en dien dit saam met jou ANTWOORDBOEK in.

1.1 Kontantbetalingsjoernaal (14)

1.2 Kontantontvangstejoernaal (8)

1.3 Krediteurejoernaal (4)

1.4 Debiteurejoernaal (4)
[30]

VRAAG 2: ONTLEDING EN VERTOLKING VAN BOERDERYRESULTATE

2.1 Omskryf die uitdrukking *tendensevaluering* (3)

2.2 Deur middel van ontledings en vertolking kan 'n boer, op grond van sy finansiële state, veral met betrekking tot die boerdery se inkomstestaat en balansstaat, rasionele besluite neem.

Die twee terme, *eksterne norme* en *vergelykende evaluering* word algemeen in die ontleding en vertolking van boerderyresultate gebruik.

2.2.1 Onderskei tussen *eksterne norme* en *vergelykende evaluering*. (2 × 2) (4)

2.2.2 Dui EEN voordeel aan om eksterne norme in ontleding en vertolking te gebruik. (2)

2.2.3 Dui EEN nadeel aan om vergelykende evaluering in ontleding en vertolking te gebruik. (2)

2.3 Dui SES inset–uitset-verhoudings aan wat in die ontleding van die verwantskap tussen die BPW- en PBA-koste gebruik word. (6)

Kopiereg voorbehou

2.4 Die volgende inligting is 'n uittreksel uit die state van 'n bepaalde boerderyonderneming in Suid-Afrika:

Brutoproduksiewaarde:	
Oestak	R350 000
Lewendehawe-tak	R250 000
Produksie, bemarkings- en administratiewe koste:	
Werknemersvergoeding	R100 000
Bemarkingskoste	R50 000
Produksielewerings	R105 000
Verpakkingskoste	R45 000
Vergoeding aan verskaffers van buitelandse kapitaal:	
Huurgeld vir huurgrond	R65 000
Rente op mediumtermynlening	R26 000
Boerderybates:	R1 800 000
Vaste bates	R1 000 000
Toerusting en voertuie	R500 000
Voorraad produksielewerings	R300 000
Totale boerderyskuld:	
Langtermynlaste	R400 000
Mediumtermynlaste	R200 000
Krediteure	R100 000
Huurgrond	**R500 000**

Bereken die volgende en toon ALLE eenhede en formules, waar toepaslik.

2.4.1 Boerderywins (4)

2.4.2 Verpakkingskoste per R100 se BPW (3)

2.4.3 Totale PBA-koste per R100 se BPW (3)

2.4.4 Vergoeding aan buitelandse kapitaal per R100 se nettoboerdery-inkomste (3)

2.4.5 Hefboomverhouding (4)

2.4.6 Bedryfsverhouding (4)

2.5 Lewer kommentaar oor die betekenis van die verhoudings in VRAAG 2.4.5 en 2.4.6. (2)

[40]

VRAAG 3: KAPITAALVEREISTES, -VORME EN -BRONNE

3.1 Dui DRIE stappe aan wat by die effektiewe finansiering van 'n boerderyonderneming betrokke is. (3 × 2) (6)

3.2 Verduidelik kortliks hoe die volgende veranderlikes die finansiering van boerderyondernemings kan beïnvloed:

3.2.1 Veranderlike klimaatstoestande

3.2.2 Struktuurveranderinge in boerdery

3.2.3 Struktuurtekortkominge in boerdery

3.2.4 Talryke klein produksie-eenhede

3.2.5 Onelastiese vraag na landbouprodukte

(5 × 2) (10)

3.3 Kies 'n soort kapitaal uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.4) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B
3.3.1 Kapitaal wat vir investering in duursame bates verlang word	A tydelike bedryfskapitaal
3.3.2 Kapitaal wat vir die investering in gereedskap en woltroppe verlang word	B bedryfskapitaal
3.3.3 Skommelende kapitaal wat nie te alle tye deur die boerderyonderneming benodig word nie	C roerende kapitaal
3.3.4 Kapitaal wat in voorrade halfvoltooide produkte vassit	D vaste kapitaal
	E halfvaste kapitaal

(4 × 1) (4)

3.4 Noem die VYF faktore wat die hoeveelheid kapitaal, wat 'n boerderyonderneming benodig, bepaal. (5)

3.5 Beskryf die faktore wat die hoeveelheid kapitaal, wat jy in VRAAG 3.4 genoem het, bepaal. (10)

3.6 Kategoriseer die volgende bronne van kapitaal as óf eie kapitaal óf leningskapitaal. Skryf net die antwoord langs die vraagnommer (3.6.1–3.6.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.6.1 Private persone

3.6.2 Behoorlike benutting van arbeid

3.6.3 Handelskrediteure

3.6.4 Nieboerderyinkomste

3.6.5 Kapitaalappresiasie op grond

(5 × 1) (5)

3.7 Die Landbank bied twee soorte leningsfasiliteite aan boere aan, naamlik langtermynlenings en artikel 34-seisoenale en mediumtermynlenings.

3.7.1 Volgens watter voorwaarde kan artikel 34- seisoenale en mediumtermynlenings aan boere toegestaan word? (2)

3.7.2 Noem die VIER soorte boere wat vir artikel 34-lenings kwalifiseer. (4)

3.7.3 Dui TWEE gebruike van seisoenale lenings ingevolge artikel 34 van die Landbankwet aan. (2)

3.7.4 Noem enige TWEE gebruike van mediumtermynlenings ingevolge artikel 34 van die Landbankwet. (2)

[50]

VRAAG 4: 'N BOERDERYONDERNEMING SE FINANSIERINGSBELEID

4.1 Definieer ’n *finansieringsbeleid*. (3)

4.2 Sit die prosedures uiteen waarvolgens 'n deurdagte finansieringsbeleid vasgestel word. (6)

4.3 Dui die formule aan waarvolgens voldoende eie kapitaal bereken word. (2)

4.4 Langtermyn- en mediumtermynlenings moet nie gebruik word om bedryfsbates te finansier nie.

4.4.1 Stem jy saam met hierdie stelling? Dui slegs JA of NEE aan. (1)

4.4.2 Verduidelik jou antwoord op VRAAG 4.4.1. (2)

4.5 Onderskei tussen *likiditeitsrisiko* en *sakerisiko*. (4)

4.6 Noem die VIER faktore wat gebruik kan word om te kontroleer hoe riskant 'n voorgestelde lening kan wees. (4)

4.7 Dui SEWE riglyne aan wat boere moet volg wanneer hulle krediet verkry. (7 × 2) (14)

4.8 Beskryf kortliks TWEE benaderings wat vir bedryfskapitaalvereistes voorsiening maak. (2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 5: HULPBEGROTINGS

5.1 Omskryf die volgende terme:

5.1.1 Verbeurde brutoproduksiewaarde

5.1.2 Bykomende brutoproduksiewaarde

5.1.3 Gelykbreekpunt

5.1.4 Kapitaalbegroting

(4 × 2) (8)

5.2 'n Boerderyonderneming met verskillende kleiner ondernemings moet 'n individuele takbegroting vir elkeen opstel.

5.2.1 Noem die VIER komponente waaruit die takbegroting moet bestaan.

5.2.2 Beskryf die VIER komponente wat jy in VRAAG 5.2.1 genoem het.

(2 × 4) (8)

5.3 Die volgende inligting het betrekking op 'n bepaalde boerderyonderneming wat poog om 100 hektaar ertjies deur boontjies te vervang:

Bykomende koste vir boontjies	R300 000
Bykomende BPW vir boontjies	R500 000
Kostebesparings vir ertjies	R2 50 000
Verbeurde BPW vir ertjies	R400 000

5.3.1 Bereken die verandering in winsgewendheid vir die boerderyonderneming met behulp van 'n gedeeltelike begroting. Toon AL jou berekeninge en eenhede, waar toepaslik. (6)

5.3.2 Doen 'n aanbeveling, op grond van jou antwoord op VRAAG 5.3.1, oor die besluit wat die boerderyonderneming moet neem. (1)

5.4 Trek en benoem 'n grafiek wat 'n gelykbreekbegroting voorstel. (9)

Kopiereg voorbehou

5.5 Stel 'n gelykbreekbegroting op om vas te stel hoeveel hektaar boontjies per jaar ge-oes kan word sodat 'n boerderyonderneming 'n stroper kan aankoop pleks daarvan om 'n kontrakteur daarvoor aan te stel.

Die volgende inligting is beskikbaar:

ITEM	KOSTE
Waardeverminderingskoste van stroper	R15 000 per jaar
Koste van bediener	R150 per hektaar
Renteonkoste	R12 000 per jaar
Versekeringspremie vir stroper	R16 000 per jaar
Brandstofkoste	R200 per hektaar
Koste verbonde aan kontrakstroper	R400 per hektaar

(8)
[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:**

VRAAG 1: JOERNALE

1.1 **KONTANTBETALINGSJOERNAAL – JUNIE 2017**

Dok. nr.	Dag	Besonderhede en nemer (*payee*)	Fol.	Bank	Krediteur	Lone	Diverse rekeninge

(14)

1.2 **KONTANTBETALINGSJOERNAAL – JUNIE 2017**

Dok. nr.	Dag	Besonder-hede	Fol.	Ontleding van ontvangste	Bank	Verkope	Debiteure	Diverse reke-ninge

(8)

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD **EKSAMENNOMMER:**

1.3 **KREDITEUREJOERNAAL – JUNIE 2017**

Dok. nr.	Dag	Krediteure	Fol.	Totale krediteure	Produksie-lewerings	Diverse bedrae

(4)

1.4 **DEBITEUREJOERNAAL – JUNIE 2017**

Dok. nr.	Dag	Debiteure	Fol.	Totale debiteure	Verkope	Diverse bedrae

(4)
[30]

Kopiereg voorbehou